# KKNK 2010

## Die kunste vanjaar fokuspunt

LIESEL DE VILLIERS
**Korrespondent**

'n Mens kan nie glo dat dit vanjaar al die sestiende Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) is en dat ek dit al vir die afgelope dertien jaar bywoon nie. Soos gewoonlik het ek 'n maand voor die fees ligamente in my knie geskeur en moes weereens hobbel-hobbelend die fees deurkruis! Vanjaar se fees het met 'n hele paar veranderings gepaard gegaan en ek het werklik die eerste keer die gevoel gekry dat die kunste die fokuspunt is en nie die stalletjies en gratis musiekverhoë nie. Al die produksies was van hoogstaande gehalte en ek kan nie een resensie onthou van 'n swak vertoning nie. Sommige was uitstekend maar almal was oor die algemeen baie goed.

Die grootste verandering was die afbakening van die Rivierbuurt waar daar nou daagliks 'n toegangsfooi gevra word. Dit het baie feesgangers en Oudtshoorn-inwoners ontstel, want dis nou nie meer moontlik om gou 'n draai by die kosstalletjies te gaan maak sonder om die ingangsfooi te betaal nie. Niemand wil R40 meer vir sy worsrolletjie of sosatie betaal nie, so daar was maar baie klagtes. Die lang rye waar mense in die warm son moes staan om by die hek in te gaan, was ook nie te gewild nie. Die pluspunt was dat daar baie minder diefstal was en dat die mense wat in die verlede toegang moes betaal vir *Huisgenoot* se Musiekplaas nou in werklikheid minder betaal het. Die ABSA KKNK-feesbestuur en direksie het besluit om al die musiekverhoë, stalletjies en ander aantreklikhede in die Rivierbuurt te kombineer. Volgens my mening het dit ten minste beteken dat ek nie soos vorige feeste van alle kante deur die gewildste liedjies van die oomblik soos *Drie Pikkewyne*, *Delarey* of *Liefling* gebombardeer is nie. Die KKNK-bestuur het belowe om ná die fees 'n bestekopname te maak en terugvoer van stalletjiehouers te verkry om die haakplekke uit te stryk. Dit staan egter soos 'n paal bo water dat die toegangsgeld gekom het om te bly. Ek dink nie die musiekverhoë kan te veel kla nie, want *Huisgenoot* se Musiekplaas is al van soggens 11 uur volgepak en die mense moet eet en drink. 'n Mens sal maar moet wag vir die finale verslag van die impak wat die nuwe stelsel op die bywoning van die musiekverhoë en die stalletjies gehad het.

Na drie warm dae van meer as 30ºC, het die weer vir die res van die fees afgekoel tot die mid-twintigs. Saans was daar 'n duidelike herfsbyt in die lug met selfs 'n bietjie reën. Natuurlik het dit die aand begin reën toe ek my enigste buitelugvertoning bygewoon het. *Taraboemdery* van Chris Barnard is by die Jamstreet Teater aangebied, ongeveer vyf kilometer buite die dorp op 'n plaas. Die uitsig oor die Karoovlakte met 'n klomp volstruise in 'n kampie en die berge op die agtergrond was 'n aanskoulike gesig. Ek kan net nie verstaan waarom die toneelstuk in 1976 verban is nie - was ons werklik so preuts?

Ek het vanjaar 'n klomp fantastiese produksies gesien en 'n hele lot gemis as gevolg van tyd en finansies, alhoewel die pryse van die vertonings nie vreeslik gestyg het nie.

Persoonlik het ek die meeste gehou van *Dinsdae by Morrie*, 'n vertaling van *Tuesdays with Morrie* deur Mitch Albom en Jeffrey Hatcher, verwerk en vertaal deur Hennie van Greunen. Dié man het die vermoë om, soos met Shirley Valentine, 'n stuk te verwerk dat dit 'n tipies Suid-Afrikaanse identiteit kry. *Dinsdae by Morrie* is in April by die Baxter opgevoer en sal met die ter perse gaan van die **KB** helaas nie meer te siene wees nie. Chris van Niekerk (wat die hoofrol vertolk) het 'n welverdiende Kannabenoeming gekry, maar uiteindelik nie gewen nie. Asof dit nie genoeg was om een toneelstuk te sien wat oor die dood handel nie, het ek dieselfde dag ook na *Vergenoeg* gaan kyk, gegrond op Marita van der Vyver se boek en verwerk vir die verhoog deur Alexa Strachan en Milan Murray. *Dood van 'n verkoopsman*, 'n vertaling van *Death of a salesman* deur Arthur Miller, was 2½ uur lank maar het 'n mens so geboei dat dit na 'n uur gevoel het. Dit was die laaste stuk wat ek op die voorlaaste dag van die fees gaan kyk het en wyslik besluit het om op dié hoogtepunt te stop.

> ...eerste keer die gevoel gekry dat die kunste die fokuspunt is en nie die stalletjies en gratis musiekverhoë nie

Daar was nog vele ander uitstekende produksies wat ek nie gaan kyk het nie, soos *Betésda*, wat in 'n swembad afspeel, *As die*

*broek pas* met Antoinette Kellerman (alreeds by die Woordfees in Stellenbosch gesien) en *Die naaimasjien* (Suidoosterfees). Die verrassing van die fees was *Famished road* deur Ben Okri wat in 1991 die Booker Prize gewen het.

Daar was darem ook plek vir komedie en die twee wat ek die meeste geniet het was *Adam September en die Nazi-skat* deur Chris Vorster en *God van chaos*, 'n vertaling van *God of carnage* deur Jasmina Reza, vertaal deur Trix Pienaar en (weereens) Hennie van Greunen. In *Adam September* het Marius Weyers 'n gay Nazi gespeel met skreeusnaakse gevolge en Christo Davids (Errol in *Sewende Laan*) het gewys sepiesterre mag maar op die verhoog klim. Hy het my al voorheen by die Suidoosterfees beïndruk met sy rol in *Die Krismis van Map Jacobs*. *God van chaos* met Anna-Mart van der Merwe, Johan Nel, Martelize Kolver en Leon Kruger het die gehoor so aan die skater gehad dat die akteurs self nie hul lag kon hou nie en daar soms vir 'n minuut lank net gelag is. Weereens is die plasing van die stuk in Durbanville 'n wenner met 'n tipies Suid-Afrikaanse gevoel.

Die musiekteater was ook uit die boonste rakke en seker een van die genotvolste vertonings was *Afri-Frans* met die spesiaal ingevoerde sangeres, Myra Maud, wat internasionaal bekend is vir gospel en jazzmusiek. Die welbekende Afrikaanse liedjies soos *Kinders van die wind* en *Lisa se klavier* het heeltemal nuut geklink en bewys dat daar werklik pragtige musiek in Afrikaans geskryf word. Van die ou bekendes soos Amanda Strydom, Elzabé Zietsman en Coenie de Villiers was ook daar. As julle ooit die geleentheid het om na CH2 te gaan kyk moet dit nie misloop nie. Wat daardie twee manne met 'n kitaar kan doen sal jul monde laat oophang.

Daar was definitief nog baie uitstekende programme en dit het my aangespoor om volgende jaar weer te gaan, al is die finansies nie meer so volop nie. Sien julle daar! *(Hoop die knieë sal hou, Liesel! RED.)*